## 18 September Psalm 10 (11:2)

### *In God is jy oorwinnaar*

Gevare soos terrorisme, oorlog, roof, vyandigheid, geweld, persoonlike aanvalle en kapings, is nié die grootste bedreiging vir jou op aarde nie. Al dink jy dat dit die allergrootste gevare in Suid-Afrika is, omdat dit ons daagliks van alle kante bedreig en ons lewe onveilig maak (Matt 10:26-28). Die grootste gevaar vir die gelowige is goddeloosheid, want daardeur kan jy van God vervreem word. Dié gevaar moet jy nie onderskat nie. Die bose loer in die donkerte om die opregtes van hart te tref (Ps. 11:2). Calvyn skryf dat niks op aarde so diep weggesteek kan word dat die vyand, die satans-magte, dit nie kan bereik nie. Dink vir jouself waar jy kan wegkruip en jou kan beveilig teen die bose liste van jou eie hart (Mark 7:15). Die dringende vraag is: Waar kan ek dan wegkruip vir die bose magte? Al sou jy in die allerveiligste kelder ter wêreld verkeer, kan die Satan en die bose magte (Ef. 6:12) jou nogtans tot 'n val bring. Daar is vir die gelowige teen hierdie gevaar net een plek. Psalm 11 gee die antwoord: "Skuil by die Here" (vers 11). Die Satan deins net vir 'n mens terug as hy in die skaduwee van die Almagtige skuiling soek. As jy by die Here skuil soek jy jou veiligheid buite jouself in Jesus Christus. Aan die kruis het Hy die Satan en die bose magte reeds oorwin. In God alleen is jy meer as oorwinnaar (Rom. 8:37).

Sing: Psalm 46:6 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)